GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

**10791**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 1)**

GESKIEDENIS V1

10791A

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

**9 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

X05

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE-OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950’s TOT DIE 1970’s: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950’S TOT DIE 1970’s: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Die bronmateriaal wat benodig word om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die ŉ blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae vanuit hierdie afdeling NIE. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE STRYD OM BEHEER EN INVLOED TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VANAF 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNING IN EUROPA BYGEDRA?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Volgens die bron, wanneer het Kennan se idees, wat die grondslag van die Truman-administrasie se buitelandse beleid geword het, vir die eerste keer publieke aandag gekry? (1 x 1) (1)

1.1.2 Definieer die term *inperking* in jou eie woorde (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik wat met die stelling, “hy 'n beroep gedoen om ‘Sowjet-druk teen die vrye instellings van die Westerse wêreld’ teen te werk” geïmpliseer word, binne die konteks van die Verenigde State se strategie. (2 x 2) (4)

1.1.4 Lewer kommentaar waarom jy dink Sowjet-uitbreiding as ’n bedreiging vir die wêreld se belangrikste sentrums van industriële mag beskou is**.** (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, weerspieël die buitelandse beleid van die Verenigde State? (1 x 2) (2)

1.2.2 Haal DRIE maniere uit die bron aan wat verduidelik hoe die Verenigde State se planne vir uitbreiding ontwikkel en geïmplementeer is. (3 x 1) (3)

1.2.3 Verduidelik die konsep *buitelandse beleid* in die konteks van die USSR tydens die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir ’n historikus wat oor die uitbreidingsbeleid van die Verenigde State navorsing doen. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bronne 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A verskil van die bewyse in Bron 1B met betrekking tot die USSR se buitelandse beleid. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na Bron 1C.

1.4.1 Wat, volgens die bron, was die toestande in Europa toe die Tweede Wêreldoorlog in 1945 geëindig het? (2 x 1) (2)

1.4.2 Noem die Wet wat President Truman in 1948 aanvaar het. (1 x 2) (2)

1.4.3 Verduidelik waarom jy dink President Harry Truman in Desember 1947 ’n boodskap aan die Kongres gestuur het om ekonomiese hulp aan Europa te verleen. (1 x 2) (2)

1.4.4 Noem TWEE hulpmiddels in die bron wat Europese herstel moontlik gemaak het. (2 x 1) (2)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Verduidelik waarom die titel: “Trap hom plat, Dokter” as ’n gepaste opskrif vir die spotprent sou beskou (1 x 2) (2)

1.5.2 Waarom, dink jy, word kommunisme as ’n aasvoël in die spotprent uitgebeeld? (1 x 2) (2)

1.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Amerikaanse Kongres op die gevaar van kommunisme, soos in die spotprent uitgebeeld, gereageer het. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis om ’n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy verduidelik hoe die stryd om beheer en invloed tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie vanaf 1947 tot Koue Oorlog-spanning in Europa bygedra het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM WAS DIE UITSLAG VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BETEKENISVOL IN DIE BEÏNVLOEDING VAN DIE POLITIEKE LANDSKAP VAN DIE SUIDELIKE AFRIKA-STREEK VANAF 1987 TOT 1990?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Lys die DRIE kolonels wat betrokke was by die vergadering wat bekend staan as "Die Nag van die Drie Kolonels". (3 x 1) (3)

2.1.2 Wat, volgens die bron, het Generaal Rafael Del Pino Diaz beskou as die beste taktiek wat gebruik moes word om te keer dat FAPLA na Mavinga opruk? (1 x 2) (2)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die CIA besluit het om die Suid-Afrikaanse regering by Cuito Cuanavale te ondersteun. (1 x 2) (2)

2.1.4 Haal bewyse uit die bron aan wat suggereer dat die Suid-Afrikaanse regering nie die kolonels se eerste plan om die Kubaanse/FAPLA-magte se opmars te stop, goedgekeur het nie. (1 x 2) (2)

2.1.5 Lewer kommentaar op hoe die internasionale persepsie van Suid-Afrika se beleid sy militêre besluite tydens die konflik beïnvloed het. (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer die DRIE gebiede waaroor die Kubaanse/FAPLA-front gestrek het. (3 x 1) (3)

2.2.2 Gee bewyse uit die bron oor waarom Fidel Castro selfbeheersing beoefen het en dit vermy het om in Namibië in te marsjeer. (1 x 2) (2)

2.2.3 Definieer die term *bevry* in die konteks van die Angolese Burgeroorlog. (1 x 2) (2)

2.2.4 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: "Om die Kubane te lees is op sigself 'n kunsvorm. Hulle is voorberei op sowel oorlog as vrede," met betrekking tot die Kubane se benadering tydens die Angolese Burgeroorlog. (1 x 2) (2)

2.2.5 Verduidelik waarom 'n historikus hierdie bron as betroubaar sou beskou met betrekking tot die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat hierdie geveg die laaste ideologiese konflik van die Koue Oorlog was. (1 x 2) (2)

2.3.2 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die uitkoms by Cuito Cuanavale as ’n keerpunt vir die volgende lande gedien het:

(a) Angola (1 x 2) (2)

(b) Suid-Afrika (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik hoe Kuba as ’n betroubare vennoot in die ontwikkelende wêreld gesien kan word deur sy rol in die Angolese Burgeroorlog. (1 x 2) (2)

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Definieer die term *solidariteit* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.4.2 Watter boodskap lewer die pamflet oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale? (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bronne 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D met betrekking tot SWAPO se politieke doelwitte vir Namibië ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis om ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy verduidelik waarom die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale betekenisvol was in die beïnvloeding van die politieke landskap van die Suidelik Afrika-streek tussen 1987 en 1990. (8)

**[50]**

# MAAK ASSEBLIEF HIERDIE ADDENDUM VAN 14 BLADSYE LOS.

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

| |
|---|
| **10791** |
| **GESKIEDENIS** |
| **(VRAESTEL 1)** |
| **ADDENDUM** |

**14 bladsye**

## VRAAG 1: HOE HET DIE STRYD OM BEHEER EN INVLOED TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VANAF 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNING IN EUROPA BYGEDRA?

### BRON 1A

Die onderstaande bron is geneem uit die argief van die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake. Dit verduidelik die 8 000-woord-telegram deur George Kennan, ’n Amerikaanse diplomaat wat in Moskou gewoon het, wat aan President Truman se Departement van Buitelandse Sake gestuur is. Kennan se Lang Telegram het die grondslag vir die Amerikaanse beleid teenoor die Sowjetunie vanaf 1947 gevorm.

George F. Kennan, ’n beroepsdiplomaat van die Amerikaanse Buitelandse Diens, het die beleid van “inperking” geformuleer – die basiese strategie van die Verenigde State om die Koue Oorlog (1947 – 1989) teen die Sowjetunie te voer. Kennan se idees, wat die grondslag van die Truman-administrasie se buitelandse beleid geword het, het vir die eerste keer in 1947 publieke aandag gekry in die vorm van ’n anonieme bydrae tot die tydskrif *Foreign Affairs*, bekend as die sogenaamde “X-artikel”. “Die hoofelement van enige Amerikaanse beleid teenoor die Sowjetunie,” het Kennan geskryf, “moet ’n langtermyn-, geduldige maar ferm en waaksame inperking van Rusland se ekspansionistiese neigings wees.” Ten einde dit te bereik, het hy 'n beroep gedoen om "Sowjet-druk teen die vrye instellings van die Westerse wêreld" teen te werk deur die "bekwame (vaardige) en waaksame toepassing van teenkrag (teenmag) op 'n reeks voortdurend verskuiwende geografiese en politieke punte, wat ooreenstem met die verskuiwings en maneuvers (operasies) van die Sowjet-beleid. So 'n beleid, het Kennan voorspel, sou “tendense bevorder wat uiteindelik hul uitkoms in óf die verbrokkeling óf die geleidelike versagting van Sowjet-mag moet vind."

Kennan se beleid was van die begin af omstrede. Die rubriekskrywer, Walter Lippmann, het die X-artikel gekritiseer omdat dit nie tussen vitale (belangrike) en perifere (afgeleë) belange onderskei het nie. Die Verenigde State, het Kennan se artikel geïmpliseer, moet die Sowjetunie en sy kommunistiese bondgenote teenstaan wanneer en waar hulle ook al 'n risiko inhou om invloed te kry. In werklikheid het Kennan gepleit dat daar veral gefokus moes word op die verdediging van die wêreld se belangrikste sentrums van industriële mag teen Sowjet-uitbreiding, naamlik: Wes-Europa, Japan en die Verenigde State ...

**[Bron: *https://2001-2009.state.gov/r/pa/ho/time/cwr/17601.htm.* Toegang op 28 Maart 2025 verkry.]**

**BRON 1B**

Die onderstaande bron is ’n uittreksel van Nikolai Novikov, die Sowjetambassadeur in die Verenigde State tussen April 1946 en Oktober 1947. In September 1946 het Novikov aan Moskou verslag gedoen in reaksie op George Kennan se ‘Lang Telegram’.

Die buitelandse beleid van die Verenigde State, wat die imperialistiese neigings van Amerikaanse monopolistiese (alleen beheerde) kapitaal weerspieël, word in die naoorlogse tydperk gekenmerk deur ’n strewe na wêreldheerskappy. Dít is die werklike betekenis van die talle uitsprake deur President Truman en ander verteenwoordigers van die Amerikaanse regerende kringe: dat die Verenigde State die reg het om die wêreld te lei. Al die magte van Amerikaanse diplomasie – die weermag, lugmag, vloot, nywerheid en wetenskap – word in diens gestel van hierdie buitelandse beleid.

Vir hierdie doel is wye uitbreidingsplanne ontwikkel en word dit geïmplementeer deur diplomatieke middele en die vestiging van ’n netwerk van vloot- en lugmagbasisse wat ver buite die grense van die Verenigde State strek, deur die wapenwedloop, en deur die skepping van al hoe nuwer soorte wapens …

Die enorme relatiewe invloed van die USSR in internasionale aangeleenthede in die algemeen, en in Europese lande in die besonder, die onafhanklikheid van sy buitelandse beleid, en die ekonomiese en politieke hulp wat dit aan buurlande verskaf, hetsy bondgenote of voormalige vyande, het gelei tot die groei van die politieke invloed van die Sowjetunie in hierdie lande en tot die verdere versterking van demokratiese neigings daarin. Só ’n situasie word deur die Amerikaanse imperialiste as ’n hindernis vir die ekspansionistiese beleid van die Verenigde State beskou …

**[Bron: *https://alphahistory.com/coldwar/novikov-responds-long-telegram-1946/* Toegang op 27 Maart 2025 verkry.]**

**BRON 1C**

Die onderstaande bron is afkomstig uit die algemene rekords van die regering van die Verenigde State. Dit verduidelik hoe die VSA die verspreiding van kommunisme in Europa wou stuit.

…Toe die Tweede Wêreldoorlog in 1945 geëindig het, was Europa in puin: die stede was verwoes, die ekonomieë verpletter, en die mense het hongersnood in die gesig gestaar. In die twee jaar ná die oorlog het die Sowjetunie se beheer oor Oos-Europa en die kwesbaarheid van Wes-Europese lande vir Sowjet-uitbreiding die krisisgevoel verder verhoog. Om hierdie noodtoestand aan te spreek, het minister van buitelandse sake, George Marshall, in ’n toespraak by die Harvard-universiteit op 5 Junie 1947, voorgestel dat Europese lande ’n plan vir hul ekonomiese heropbou opstel en dat die Verenigde State ekonomiese hulp verskaf.

Op 19 Desember 1947, het President Harry Truman 'n boodskap na aanleiding van Marshall se idees aan die Kongres gestuur om ekonomiese hulp aan Europa te verleen. Die Kongres het met oorweldigende steun die Wet op Ekonomiese Samewerking van 1948 aanvaar, en op 3 April 1948 het President Truman die wet wat as die Marshall-plan bekend geword het, onderteken.


Oor die volgende vier jaar het die Amerikaanse Kongres $13,3 miljard bewillig vir die herstel van Europa. Hierdie hulpmiddels het baie nodige kapitaal en materiaal voorsien wat die Europeërs in staat gestel het om die kontinent se ekonomie te herbou.

Vir die Verenigde State het die Marshall-plan markte vir Amerikaanse goedere voorsien, betroubare handelsvennote geskep, en die ontwikkeling van stabiele demokratiese regerings in Wes-Europa ondersteun. Die Kongres se goedkeuring van die Marshall-plan het n voortsetting van die tweeledige samewerking van die Tweede Wêreldoorlog na die naoorlogse jare aangedui.

**[Bron: *https://www.archives.gov/milestone-documents/marshall-plan.* Toegang op 29 Maart 2025 verkry.]**

**BRON 1D**

Die spotprent hieronder is getiteld *"STEP ON IT, DOCTER"* deur Roy Justus. Dit het op 29 November 1947 in die *Minneapolis Star*-koerant verskyn. Die spotprent beeld die VSA se strategie van inperking uit.




**[Bron: *https://moorhistory.weebly.com/development--impact-of-the-cold-war-containment.html.* Toegang op 28 Maart 2025 verkry.]**

**VERTALING**

| "TRAP HOM PLAT, DOKTER!" | Wes-Europa | Dokter V.S. Kongres | Chaos | Kommunisme |
|---|---|---|---|---|

**VRAAG 2: WAAROM WAS DIE UITSLAG VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BETEKENISVOL IN DIE BEÏNVLOEDING VAN DIE POLITIEKE LANDSKAP VAN DIE SUIDELIKE AFRIKA-STREEK VANAF 1987 TOT 1990?**

**BRON 2A**

Die onderstaande bron is geneem uit 'n boek deur 'n Britse buitelandse korrespondent, F Bridgland, getiteld *The War for Africa – Twelve Months That Transformed a Continent.* Dit verduidelik waarom die Suid-Afrikaanse regering besluit het om UNITA by Cuito Cuanavale, Angola, by te staan.

Dit was op hierdie stadium – laat Junie, vroeg Julie – dat die SAW operasionele voorstelle aan die Departement van Verdediging in Pretoria voorgelê het om die FAPLA/Kubaanse opbou teen te werk. Die vergadering tussen Harris, Oelsig en die bevelvoerder van die SAW se noordwestelike Namibiese sektor, Kolonel Piet Muller, by Harris se veldhoofkwartier suid van die Lombarivier, het bekend geword as “Die Nag van die Drie Kolonels”. Dit was ’n lang en traumatiese nag met baie hewige argumente. Die plan wat deur die "drie kolonels" verkies is, het behels dat ’n groot gevegsroep vanaf Namibië noordwaarts langs die westelike oewer van die Cuito-rivier gestuur sou word, Cuito Cuanavale van agter sou aanval, en beheer sou neem oor die smal pad vanaf Menongue waardeur logistieke voorrade na die brigades vervoer is.

Teen hierdie tyd het die CIA reeds intelligensie-ontledings aan die SAW verskaf oor die FAPLA/Kubaanse opbou, gebaseer op inligting van Generaal Rafael Del Pino Diaz, wie se ondervraging in Virginia ná sy oorloop (defection) van Kuba amper afgehandel was. Del Pino se raad was dat die afsny van die Menongue tot Cuito Cuanavale voorsieningspad die beste en mees logiese manier was om die offensief te stuit.

Daardie besluit is op die hoogste vlak deur Staatspresident P.W. Botha geneem. Sy vrees, en dié van sy kabinet, was vir die internasionale oproer wat sou volg indien dit voorkom asof gewone Suid-Afrikaanse troepe honderde kilometers binne Angola veg. Suid-Afrika was reeds onder ernstige internasionale druk, in die vorm van sanksies, disinvestering en verskeie vorme van boikotte, oor sy binnelandse rassewette en die ontkenning van stemreg aan die swart meerderheid. Min lande sou geneig wees om die teenwoordigheid van 'n groot Suid-Afrikaanse militêre mag in die grondgebied van 'n soewereine swart Afrika-staat te verstaan: dit sou eerder as nóg ’n stok gebruik word om ’n land te slaan wat desperaat probeer het om internasionale aansien te herwin. Die Suid-Afrikaanse kabinet het dus eerder die bevelvoerders se sekondêre plan goedgekeur: ’n aanval in die area oos van die Cuito-rivier om te verhoed dat FAPLA UNITA se strategiese vesting by Mavinga inneem.

**[Bron: *The War for Africa – Twelve Months That Transformed a Continent* deur F Bridgland]**

**BRON 2B**

Hierdie bron is ’n uittreksel uit ’n artikel in die tydskrif *Monthly Review – An Independent Socialist Magazine*. Die titel van die artikel is: *Cuito Cuanavale, Angola 25th Anniversary of a Historic African Battle (1 April 2013).* Dit is geskryf deur Ronnie Kasrils, ’n Suid-Afrikaanse politikus, voormalige guerrillavegter en militêre bevelvoerder. Hy het die Sewende Kongres van die SAKP bygewoon, wat in April 1989 in Kuba gehou is.

Op sy tafelmodel het Castro gewys op die merkwaardige prestasie van ’n troepontplooiing van 40 000 Kubaanse, FAPLA- en SWAPO-soldate, ’n front wat vanaf Namibië aan die kus, langs ’n spoorlyn deur Lubango en Menongue, tot by Cuito Cuanavale in die ooste gestrek het. Die SAW-magte by Cuito was afgesny, soos ’n belangrike skaakstuk wat te vroeg op die bord gevorder het, terwyl kragtige magte (gewapen met die nuutste Sowjetwapens en met superieure lugdekking) weswaarts na die Namibiese grens beweeg het. Angola se suidelike Cunene- en Mocamedes-provinsies is ná jare van SAW-beheer bevry.

Die Kubane kon in Namibië in marsjeer het, maar het selfbeheersing beoefen. Alle partye, insluitend die Verenigde State en die Sowjetunie, was op soek na kompromie en ’n pad vorentoe in onderhandelinge wat tot op daardie punt nêrens heen gelei het nie. Castro het nie ’n bloedige konfrontasie, wat baie lewens aan beide kante sou eis, gesoek nie en apartheid se generaals en politieke leiers ook nie. Hulle kon nog minder as die Kubane bekostig om ongevalle te ly, gegewe die massa-volksprotes, die toenemende gewapende operasies binne Suid-Afrika deur die ANC se militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe (Die Spies van die Nasie), en die groeiende weerstand onder jong wit dienspligtiges teen militêre diens.

As gevolg van die handelsverbod moes Chester Crocker, hoofonderhandelaar van die Verenigde State, ’n spesiale vrystelling ontvang om met Jorge Risquet, hoof van die Kubaanse afvaardiging, te vergader. Crocker het vertroulik gesê: “Om die Kubane te lees is op sigself ’n kunsvorm. Hulle is voorberei op sowel oorlog as vrede. Ons sien beduidende taktiese finesse (vaardigheid) en werklik kreatiewe bewegings aan die onderhandelingstafel.” Sy mening oor die Suid-Afrikaners was dat “hulle militêre mag verwar het met nasionale strategie.” Hy was absoluut reg. Vir jare het ’n militêre ingesteldheid in Suid-Afrika begin oorheers, met SAW-generaals wat groot invloed oor die politici uitgeoefen het. Hoewel die generaals probeer het om die omvang van die terugslag in Angola te verbloem en ’n valse oorwinning gepropageer het, het vertroue in die SAW se doeltreffendheid onder Suid-Afrika se politieke en ekonomiese elite begin afneem.

**[Bron: *https://monthlyreview.org/2013/04/01/cuito-cuanavale-angola/.* Toegang op 28 Desember 2024 verkry.]**

**BRON 2C**

Die onderstaande bron is ’n uittreksel uit *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, Volume 37, Nommer 2, 2009. Die artikel verduidelik die uitkomste van die Slag van Cuito Cuanavale en die impak wat dit op Angola, Suid-Afrika en Namibië gehad het.

Die Slag van Cuito Cuanavale gedurende 1987 en 1988 was een van die laaste en mees betekenisvolle veldslae van die Koue Oorlog. Hierdie slag het die politieke en strategiese landskap van die suidelike Afrika-streek permanent verander. Die vredesonderhandelinge wat na afloop van die slag gevolg het, het gelei tot die onttrekking van die Suid-Afrikaanse weermag uit Angola en Namibië, wat weer tot Namibië se onafhanklikheid en ’n onderhandelde skikking in Suid-Afrika gelei het. Die uitkomste van die militêre veldtogte in Angola het die pad gebaan vir ’n reeks gebeure wat uiteindelik gelei het tot die verwesenliking van die politieke doelwitte van bevrydingsbewegings in Suid-Afrika, Angola en Namibië, met die steun van die internasionale gemeenskap.

Hierdie uitkomste stem ooreen met die voorsienigheid van al die belangrikste rolspelers in die konflik. Die apartheidsregering het voorsien dat militêre betrokkenheid in Angola nie vir altyd kon voortduur nie en dat Namibië onafhanklik moes word. Tog moes vrede gewaarborg word voordat dit kon plaasvind.


Vir die bevrydingsbewegings van Suid-Afrika was dit die begin van die verwesenliking van ’n visie van die einde van apartheid, ’n nuwe demokratiese bedeling in Suid-Afrika, en die moontlikheid van ’n einde aan gewapende vyandighede.

Vir SWAPO en sy bondgenote het die uitkomste presies verloop soos voorsien. Miskien het sommige ’n meer radikale transformasie in die rigting van Marxisme en vergelding verwag, maar die meeste mense in Namibië was dankbaar vir ’n vreedsame uitkoms. Vir die groot moondhede wat by die Koue Oorlog betrokke was, was dit ook ’n ideale uitkoms. Vrede in Angola en Namibië het tot ’n vreedsame beëindiging van die Koue Oorlog bygedra. Boonop kon Kuba, as ’n belangrike militêre rolspeler, nou uit ’n situasie wat groot opoffering van sy mense vereis het, onttrek, maar waarin Kuba homself as ’n betroubare vennoot in die konteks van die ontwikkelende wêreld gevestig het.

**[Bron:** ***https://pdfs.semanticscholar.org/0235/171d674c07cd89de1dc9482b909cc6fee1a2.pdf.*** **Toegang op 5 Januarie 2025 verkry.]**

**BRON 2D**

Hierdie pamflet is ontwerp en geskep deur die Anti-Apartheidsbeweging (AAM) ná die slag by Cuito Cuanavale. Die Namibië Noodveldtog is deur die AAM en die Namibië Solidariteitskomitee van stapel gestuur om veldtog te voer vir vrye en regverdige verkiesings in Namibië.



NAMIBIA – on the road to freedom

Namibia is on its way to independence. Over a century of colonial and racist rule has been brought almost to its end by the struggles of the Namibian people, led by their liberation movement SWAPO, and by the effects of sanctions and international pressure on South Africa's apartheid regime.

Forced to allow the United Nations to supervise Namibia's first ever genuine elections, South Africa is trying to make sure it keeps a grip on Namibia's future. But the Namibian people want full freedom — an end to South Africa's interference in their lives. And they are asking for our help. The coming months are crucial...

SOLIDARITY WITH SWAPO

**[Bron: *https://www.aamarchives.org/archive/history/namibia/nam33-namibia-on-the-road-to-freedom.html.* Toegang op 5 Januarie 2025 verkry.]**

**Vertaling:**

**NAMIBIË – op die pad na vryheid**

Namibië is op pad na onafhanklikheid. Meer as 'n eeu van koloniale en rassistiese bewind is amper tot 'n einde gebring deur die stryd van die Namibiese volk, gelei deur hul bevrydingsbeweging SWAPO, en deur die effek van sanksies en internasionale druk op Suid-Afrika se apartheidsbewind. Aangesien Suid-Afrika gedwing is om die Verenigde Nasies toe te laat om toesig te hou oor Namibië se eerste werklike vrye verkiesings, probeer Suid-Afrika verseker dat dit steeds beheer oor Namibië se toekoms behou. Maar die Namibiese mense wil volle vryheid hê — 'n einde aan Suid-Afrika se inmenging in hul lewens. En hulle vra vir ons hulp. Die komende maande is van kritieke belang …

SOLDARITEIT MET SWAPO

**VRAAG 3: HOE HET DIE KINDERKRUISTOG VAN BIRMINGHAM IN 1963 OPENBARE AANDAG OP DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEVESTIG?**

**BRON 3A**

Die onderstaande bron beklemtoon hoe die Kinderkruistog *(Children's Crusade*) die verloop van die Birmingham-veldtog van 1963 verander het.

In 1963 was Birmingham, Alabama, bekend as "die mees gesegregeerde stad in die Suide", met streng afgedwingde segregasie van swart en wit mense in openbare ruimtes. Die Burgerregtebeweging het van sy momentum verloor en het 'n oorwinning nodig gehad, so het Fred Shuttlesworth se plaaslike Alabama Christian Movement for Human Rights vir Dr. Martin Luther King Jr. genooi om saam aan die "Birmingham-veldtog", ook bekend as "Projek C" te werk. Die "C" het gestaan vir konfrontasie, nie-gewelddadige optrede om desegregasie te eis asook gelyke werksgeleenthede vir swart inwoners van Birmingham.

Gedurende die eerste maand was daar optogte, sitstakings by toonbanke, "knieëlsessies" in wit kerke, aandbyeenkomste, en boikotte van sakeondernemings in die middestad. Maar die veldtog het stadig momentum opgebou. Die polisie het doelbewus hul optrede afgeskaal tydens arrestasies, wat veroorsaak het dat die veldtog min media-aandag gekry het. Daar was ook groot verdeeldheid binne die gemeenskap. Slegs 10% van swart predikante het die veldtog ondersteun, terwyl ander dit aktief teengestaan het. Weens die gebrek aan breë betrokkenheid het die veldtog begin verwater (misluk).

Dit het verander met die "Kinderkruistog" toe die jeug in hul duisende begin mars het. Oor die verloop van 'n week is meer as 3 400 jong mense gearresteer. Met die tronke wat oorvol geraak het, het die Kommissaris van Openbare Veiligheid, Bull Connor, die polisie beveel om honde en brandslange in te span en skokkende beelde van jong mense wat aangeval word, het regoor die wêreld versprei. Skielik het die sukkelende plaaslike veldtog 'n nasionale krisis geword, en het die mag na die betogers verskuif. Projek C en die Kinderkruistog het 'n keerpunt in die Amerikaanse Burgerregtebeweging verteenwoordig.

**[Bron: *https://s7712.pcdn.co/wp-content/uploads/2019/11/BirminghamEngFinalFinal2018.pdf.* Toegang op 28 Desember 2024 verkry.]**

**BRON 3B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel geskryf deur Alexis Clark getiteld *"The Children's Crusade: When the Youth of Birmingham Marched for Justice.*" Dit verduidelik hoekom kinders by die Birmingham-veldtog aangesluit het.

James Bevel, 'n lid van SCLC, het met die idee vorendag gekom om skoolkinders by betogings te betrek om Birmingham te help desegregeer. Janice Kelsey was 15 toe sy haar eerste vergadering vir die Kinderkruistog bygewoon het. "Ek het geweet wat segregasie en skeiding is, maar ek het nie die omvang of die vlak van die ongelykhede in daardie skeiding verstaan nie," onthou Kelsey. Bevel het vrae aan die leerders gestel, en hulle het agtergekom dat hulle met gebruikte boeke en ou voetbalhelms moes klaarkom – goed wat wit leerders nooit gebruik het nie. Swart skole het net een tikmasjien in die hele skool gehad, terwyl wit skole kamers vol tikmasjiene gehad het, verduidelik Kelsey. “Sulke dinge het vir my persoonlik geraak, en ek het besluit ek wil iets daaraan doen,” sê sy.

Dominee Martin Luther King Jr., saam met ander aktiviste, was ten sterkste gekant teen die betrokkenheid van kinders by die optogte, vanweë die dreigemente van geweld deur wit groepe sowel as deur polisiebeamptes onder leiding van Eugene “Bull” Connor, die Kommissaris van Openbare Veiligheid in Birmingham, wat berug was vir sy rassistiese beleide. Meer as 1 000 leerders het skool gebank om aan die betoging deel te neem. “Ons is vertel wat om te verwag,” sê Kelsey. “Ons is gesê dat as jy besluit om deel te neem, dit ’n nie-gewelddadige beweging is, so jy mag nie terugveg nie.”

Terwyl die kinders dapper die strate ingevaar het, het die Birmingham-polisie op hulle gewag om hulle te arresteer, en hulle in polisiewaens en skoolbusse gelaai. Kelsey sê sy is op haar eerste dag van betoging gearresteer en het vier dae lank in die tronk gebly. Alhoewel die polisie op die eerste dag meestal terughoudend was, het dit nie voortgeduur nie. Die wetstoepassers het waterkanonne en polisiehonde ingespan. Na raming is meer as 2 000 kinders gearresteer gedurende die dae lange protesaksie.

“Ek dink ons was ’n katalisator vir verandering,” sê Kelsey.

**[Bron: *https://www.history.com/news/childrens-crusade-birmingham-civil-rights.* Toegang op 28 Desember 2024 verkry.]**

**BRON 3C**

Die onderstaande artikel, getiteld "*Brace in Birmingham*", is geneem uit die *Birmingham News* en probeer om die Burgerregte-protesoptogte van 1963 te minimaliseer. Dit beklemtoon die reaksie van die polisie teenoor die betogers.



VOL. 83. NO. 232. ★ ★

BRACE IN BIRMINGHAM

Police Call All Off-Duty Officers and Firemen as Negroes Swarm Toward the Downtown District—Children March, Too.

MOVING IN WITH NIGHT STICKS

Recouping Swiftly Patrolmen in Dixie Steel Center Get Set for Another Busy Afternoon—Jails Already Jammed.

Birmingham, Ala. (AP)—Hundreds of Negroes eluded police blockades and swarmed toward downtown Birmingham today in a mass demonstration against racial segregation.

**[Bron: *https://newseumed.org 'Birmingham News' Downplays Civil Rights Protests,1963.* Toegang op 4 Januarie 2025 verkry.]**

**VERTALING:**

**MAAK GEREED IN BIRMINGHAM**
**Polisie roep alle beamptes en brandweermanne, wat van diens af is op, terwyl *negers* in groot getalle na die middestad beweeg — Kinders marsjeer ook.**

**BEWEEG IN MET KNUPPELS**
**Patrollielede hergroepeer vinnig in die Dixie Steel Center**
**Maak reg vir nóg 'n besige middag — Tronke reeds propvol.**

**Birmingham, Ala. (AP) — Honderde negers het polisieversperrings ontwyk en het vandag in groot getalle na die middestad van Birmingham gestroom in 'n massademonstrasie teen rassesegregasie.**

**BRON 3D**

Die onderstaande uittreksel is uit ’n artikel geskryf deur Rebecca Sherman, ’n Amerikaanse navorser. Dit bespreek President John F. Kennedy se ondersteuning vir burgerregtewetgewing ná die Kinderkruistog in Junie 1963.

By ’n massa-byeenkoms het Dr. King op die Kinderkruistog gereageer met ’n toespraak waarin hy gesê het: “Ek is geïnspireer en diep geraak … As hulle dink vandag is die einde hiervan, maak hulle ’n groot fout.” Bevel het ’n held geword vir sy idee om die leerders te betrek, want Birmingham het daarin geslaag om die wêreld te wys watter geweld swart mans, vroue en kinders in die Suide ervaar het. Koerante, tydskrifte en televisieprogramme regoor die land het die Birmingham-veldtog uitgelig, tot op die punt waar, “die pers die wêreld se aandag op Birmingham gevestig het.”

Onmiddellik ná die publikasie van die foto's het die Kongres en die president begin praat oor wetgewing wat uiteindelik gelyke regte aan Afro-Amerikaners sou verleen. Die beelde in koerante en op televisie het die federale regering, veral President John F. Kennedy, in die verleentheid gestel, omdat dit nie net in die VSA nie, maar regoor die wêreld uitgesaai is. President Kennedy was ook bevrees dat meer konflik sou uitbreek, en daarom het hy druk op die Kongres geplaas om burgerregtewetgewing in te stel, wat hy met ’n toespraak op nasionale televisie begin het. Die Kongres het besef dat die land nie die konflik oor burgerregte stad vir stad kon oplos nie. Die Verenigde State het ’n nasionale oplossing nodig gehad. Daarom was die Birmingham-veldtog, en veral die Kinderkruistog die sleutel tot die aanvaarding van die Burgerregtewet van 1964.

Die Amerikaanse historikus en joernalis, David Halberstam, het in sy navorsing bevind dat, “historici [voer] al lank aan dat die SCLC se … ‘Kinderkruistog … beslissend was om die Kennedy-administrasie te dwing om op te tree ten gunste van groter burgerregte.” Volwassenes het probeer om hul kinders van die Burgerregtebeweging te beskerm, maar die kinders het hulle verontagsaam, geen vrees getoon nie, en hul eie verandering gebring.

**[Bron: Sherman, Rebecca, *“The Birmingham Children’s Crusade and the Renewed Civil Rights Movement*’’ *https://digitalcommons.salve.edu/pell_theses/119.* Toegang op 4 Januarie 2025 verkry.]**

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is afkomstig van die volgende:

Bridgland F. 1990. The War for Africa – Twelve Months that Transformed a Continent (Ashanti Publishing Limited, Gibraltar)
https://2001-2009.state.gov/r/pa/ho/time/cwr/17601.htm
https://alphahistory.com/coldwar/novikov-responds-long-telegram-1946/
https://www.archives.gov/milestone-documents/marshall-plan
https://moorhistory.weebly.com/development--impact-of-the-cold-war-containment.html
https://monthlyreview.org/2013/04/01/cuito-cuanavale-angola/
https://pdfs.semanticscholar.org/0235/171d674c07cd89de1dc9482b909cc6fee1a2.pdf
https://www.aamarchives.org/archive/history/namibia/nam33-namibia-on-the-road-to-freedom.html
https://s7712.pcdn.co/wp-content/uploads/2019/11/BirminghamEngFinalFinal2018.pdf Accessed on 28 December2024.]
https://www.history.com/news/childrens-crusade-birmingham-civil-rights
https://newseumed.org 'Birmingham News' Downplays Civil Rights Protests,1963
Sherman, Rebecca, "The Birmingham Children's Crusade and the Renewed Civil Rights Movement'' https://digitalcommons.salve.edu/pell_theses/119

**EINDE**

**VRAAG 3: HOE HET DIE KINDERKRUISTOG VAN BIRMINGHAM IN 1963 OPENBARE AANDAG OP DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEVESTIG?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Waarom, volgens die bron, was Birmingham die mees gesegregeerde stad in die Suide? (1 x 2) (2)

3.1.2 Lys VIER strategieë uit die bron wat die betogers in die eerste maand van die Birmingham-veldtog gebruik het. (4 x 1) (4)

3.1.3 Definieer die term *nie-gewelddadige optrede* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar oor waarom jy dink slegs 10% van swart predikante die Birmingham-veldtog ondersteun het. (1 x 2) (2)

3.1.5 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die sukkelende plaaslike veldtog ’n nasionale krisis was. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wie, volgens die bron, het met die idee vorendag gekom om skoolkinders by die protesoptogte in te sluit? (1 x 2) (2)

3.2.2 Gee TWEE redes uit die bron waarom Martin Luther King Jr en ander aktiviste daarteen gekant was om kinders by die optogte te betrek. (2 x 1) (2)

3.2.3 Haal bewyse aan uit die bron wat aandui hoe die optrede van die kinders die filosofie van die Burgerregtebeweging ondersteun het. (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik wat met die stelling, “Ek dink ons was ’n katalisator vir verandering” bedoel word, binne die konteks van die Burgerregtebeweging. (1 x 2) (2)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat deur die artikel oorgedra word oor die reaksie van die polisie tydens die Birmingham-veldtog. (2 x 2) (4)

3.3.2 Lewer kommentaar oor die beperkings van die bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor die Kinderkruistog (Children's Crusade) wat deur die Burgerregtebeweging georganiseer is. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bronne 3A en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A die bewyse in Bron 3C ondersteun met betrekking tot die gebeure van die Kinderkruistog in Birmingham in 1963. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Lewer kommentaar oor of King se stelling, 'as hulle dink vandag is die einde hiervan, maak hulle 'n groot fout' geregverdig is binne die konteks van die Burgerregtebeweging. (1 x 2) (2)

3.5.2 Definieer die konsep *kruistog* in die konteks van die Birmingham-veldtog in die VSA. (1 x 2) (2)

3.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Kinderkruistog beslissend was om die Kennedy-administrasie te dwing om ten gunste van groter burgerregte in die VSA op te tree. (1 x 2) (2)

3.5.4 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aandui dat volwassenes nie hul kinders van die Burgerregtebeweging kon afskerm nie. (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer agt reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die kinderkruistog van Birmingham in 1963 openbare aandag op die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika gevestig het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae vanuit hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die Verenigde State van Amerika (VSA), as ’n supermoondheid, was instaat om die Vietkong in die Viëtnamoorlog van 1963 tot 1975 verslaan.

Stem jy saam met bogenoemde stelling? Ondersteun jou standpunt met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

‘Mobutu Sese Seko het probeer om die Kongo se afhanklikheid van Westerse moondhede te verminder deur middel van sy politieke en ekonomiese beleide.’

Bespreek hierdie stelling krities en gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou standpunt te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging as ’n radikale vorm van protes onder swart Amerikaners in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960’s na vore gekom het.

Ondersteun jou standpunt met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

# NASIENRIGLYNE

**GESKIEDENIS (VRAESTEL 1) (10791)**

**29 bladsye**

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

**VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIG VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raak betrokke by bronne om die bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte wat toegeken word (✓✓).
- Indien ŉ vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

________________• ____________________________• _______________________

_____________________________________________• ________________ ✓✓✓✓

VLAK 2 = 4

Gebruik meestal relevante bewyse om ŉ basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$.
- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die buiteblad van die antwoordskrif oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel beskik oor ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir die nasien van ŉ spesifieke opstel.

## 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as ’n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om die argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om ’n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders daarvan ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevante inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van ’n argument (beplan, gestruktureer en ’n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met ’n kolpunt (‘bullet’) in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met ’n kolpunt (‘bullet’) in die nasienriglyne) en ’n relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met ’n kolpunt (‘bullet’) in die nasienriglyne)
Bv. In ’n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van ’n opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ’n argument/’n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ’n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument te onderhou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van 'n opstel:

Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie **^**

- Verkeerde stelling
- Irrelevante stelling

_______________
|
|
|

- Herhaling **R**
- Analise **A** ✓
- Interpretasie | ✓
- Argument ↕ LOA

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle:

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| **I** | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| **I** | VLAK 4 | |
| **A** | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| **I** | VLAK 4 | 26 – 27 |
| **A** | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. <br><br> Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. <br><br> Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1* <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot die argument wat gevolg is. | **47 – 50** | **43 – 46** | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudskeuse relevant tot die argument wat gevolg is. | **43 – 46** | **40 – 42** | **38 – 39** | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag is grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38 – 39** | **36 – 37** | **34 – 35** | **30 – 33** | **28 – 29** | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in die antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30 – 33** | **28 – 29** | **26 – 27** | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26 – 27** | **24 – 25** | **20 – 23** | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20 – 23** | **18 – 19** | **14 – 17** |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14 – 17** | **0 – 13** |

**Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:**

- Vraag glad nie aangespreek nie/heeltemal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksies sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting in; geen inligting om die opstel te struktureer nie = 1 – 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; min poging om die opstel te struktureer = 7 – 13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE STRYD OM BEHEER EN INVLOED TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VANAF 1947 TOT DIE KOUE OORLOG-SPANNING IN EUROPA BYGEDRA?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 1947 (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Die beleid om die verspreiding van kommunisme/uitbreiding/ idees in Europa en die res van die wêreld te verhoed of te stop.
- Die VSA se buitelandse beleid, geformuleer deur George Kennan, om die uitbreiding van die Sowjetunie te stuit.
- Die voorkoming van die verspreiding van ideologie (kapitalisme/kommunisme).

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Die VSA moet optree teen die Sowjetunie se beleid van uitbreiding om die verspreiding van kommunisme in Europa te voorkom.
- Die Sowjetunie se optrede het druk geplaas op vrye en demokratiese lande in die Weste om aan kommunisme toe te gee.
- Hy het verwys na die demokratiese waardes en politieke stelsels wat deur die VSA en sy bondgenote gebruik is, en het geglo dat dit onder kommunistiese bedreiging verkeer.
- Die Verenigde State moet reageer/teenkrag uitoefen teen die Sowjetunie deur kommunisme in te perk.
- Kennan het die Sowjetunie beskou as 'n mag wat probeer het om die Weste se demokratiese lande te ondermyn en sy invloed daar uit te brei.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Die Sowjetunie se kommunistiese ideologie is gesien as onversoenbaar met kapitalisme, omdat kommunisme direkte staatsbeheer oor nywerhede vereis het, wat 'n negatiewe uitwerking op die herstel van Europa ná die oorlog kon hê.
- Die kommunistiese ideologie van die Sowjetunie is beskou as in stryd met die kapitalistiese en demokratiese waardes van die Westerse wêreld, wat die ekonomiese herstel ná die oorlog bevorder het.
- Dit is gesien as 'n direkte uitdaging vir die magsbalans en ekonomiese stabiliteit van Europa en die wêreld.
- Hy het besef dat die Sowjet-uitbreiding druk op die belangrikste nywerheidsentrums in die Weste sou plaas /wat moontlik toegang tot belangrike hulpbronne en markte kon afsny en kapitalisme ondermyn.
- Dit kon Amerikaanse handel en beleggingsgeleenthede in Europa beperk en dus die VSA se ekonomiese oorheersing in Europa en die res van die Weste verswak.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – L1]*
"die imperialistiese neigings van Amerikaanse monopolistiese kapitaal weerspieël" (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – L1]*

- deur diplomatieke middele
- en die vestiging van 'n netwerk van vloot- en lugmagbasisse wat ver buite die grense van die Verenigde State strek,
- deur die wapenwedloop,
- en deur die skepping van al hoe nuwer soorte wapens (Enige 3 x 1) (3)

1.2.3 *[Verduideliking van 'n konsep in Bron 1B – V2]*

- Die USSR se strategieë en optrede/wette in sy betrekkinge met ander lande, wat grootliks gevorm is deur sy kommunistiese ideologie, uitbreiding en mededinging met Westerse moondhede tydens die Koue Oorlog.
- Die USSR se proses om ekonomiese en militêre bystand aan Europese lande tydens die Koue Oorlog te verskaf
- Inisiatiewe wat deur die USSR-regering geneem is om die verspreiding van kommunisme te bevorder, het te doen gehad met die wêreldwye invloed daarvan tydens die Koue Oorlog.
- Skepping van 'n invloedsfeer wat deur die USSR gebruik is, wat sy ekonomiese mag gebruik het om sy ideologie tydens die Koue Oorlog te versterk
- (Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*

**Die bron is bruikbaar want:**

- Nikolai Novikov was die Sowjetambassadeur in die Verenigde State tussen April 1946 en Oktober 1947, en het dus insig gehad in die VSA se bedoelings.
- Nikolai Novikov se reaksie op George Kennan se 'Lang Telegram' het gesuggereer dat dit nie net oor VSA-ingryping in Europa gegaan het nie, maar ook oor wêreldheerskappy.
- Die bron verduidelik die VSA se beleid van inperking, wat daarop gemik was om die verspreiding van die USSR se invloed in Europa te verhoed.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.3 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 1A en 1B om die verskille te bepaal – V3]*

- Bron 1A verduidelik die beleid van inperking as die VSA se strategie om die Sowjetunie se uitbreidingsbeleid teen te werk, terwyl Bron 1B die beleid van inperking beskryf as imperialisties.
- In Bron 1A word die USSR gesien as die aggressor wat Europa wil oorneem, terwyl die VSA in Bron 1B as die aggressor uitgebeeld word wat die wêreld wil oorheers.
- In Bron 1A is die hoofrede vir die VSA se beleid teenoor die Sowjetunie om die USSR se uitbreidingsneigings in te perk, terwyl in Bron 1B die hoofrede vir die VSA se beleid is om hul invloed en mag oor die wêreld uit te brei (wêreldheerskappy).

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik Bron 1C.

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- die stede was verwoes,
- die ekonomieë verpletter,
- die mense het hongersnood in die gesig gestaar. (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Wet op Ekonomiese Samewerking van 1948 (1 x 2) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V 2]*

- Truman het Sowjet-uitbreiding as 'n groot bedreiging beskou, en hy wou 'n kommunistiese oorname in Europa voorkom /druk as gevolg van burgeroorlog in Griekeland en Turkye.
- Europa was ekonomies verwoes ná die Tweede Wêreldoorlog en het dringend herstel benodig, aangesien die verwoesting 'n vrugbare voedingsbodem vir kommunisme geskep het.
- Ekonomiese herstel in Europa sou Amerikaanse besighede bevoordeel omdat dit nuwe handelsgeleenthede geskep het.
- Deur hulp aan Europa te verskaf, kon die VSA alliansies versterk en demokrasie bevorder, wat die Sowjet-invloed sou teenwerk.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- kapitaal
- materiaal (2 x 1) (2)

1.5 Verwys na Bron 1D.

1.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – L2]*
**Gepas:**
- Die VSA, wat deur die motor verteenwoordig word, moes vinnig optree om kommunisme – wat chaos verteenwoordig – te stop of te oorwin voordat dit na Wes-Europa versprei.
- Westerse lande het onmiddellike hulp nodig gehad om ekonomies te herstel voordat hulle deur kommunisme oorgeneem kon word.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Die aasvoël verteenwoordig kommunisme as 'n roofvoël, wat gewoonlik jag op swakker diere/swakker lande.
- Kommunisme was die ideologie van die Sowjetunie, en in die spotprent word die Sowjetunie uitgebeeld as iemand wat "chaos" versprei, wat as aggressiewe of negatiewe gedrag beskou kan word.
- Die Sowjetunie het 'n geleentheid gesien om voordeel te trek uit die ekonomies verwoeste Europa, aangesien kommunisme in armoede en ekonomiese chaos floreer.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – L2]*
- Die Kongres het onmiddellik gereageer deur die beleid van inperking te implementeer, wat verteenwoordig is deur die Truman-leerstelling en die Marshall-plan.
- Die Amerikaanse Kongres het gereageer deur geld (Marshall-plan) en militêre hulp (Truman-leerstelling) te voorsien aan Westerse lande wat dringend ekonomiese en militêre hulp nodig gehad het/Die Kongres het op die gevaar wat in die spotprent uitgebeeld is gereageer deur die Marshall-plan te skep, wat Europa sou help herbou ná die ekonomiese verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – Vlak 3]*

- George Kennan stel die beleid van inperking voor, wat die grondslag gevorm het vir die VSA se strategie / buitelandse beleid teenoor die USSR. (Bron 1A)
- Die VSA beskuldig die USSR daarvan dat dit ’n bedreiging inhou vir “vrye instellings”, wat deur die VSA gestuit of teengewerk moes word. (Bron 1A)
- Vrees en wantroue tussen die supermoondhede het spanning veroorsaak. (Bron 1A)
- Kennan het ’n vasberade en waaksame strategie teenoor die USSR voorgestel. (Bron 1A)
- Die VSA het die USSR as ’n aggressiewe bedreiging beskou en het die beleid van inperking, die Marshall-plan, aangeneem om die verspreiding van kommunisme in Wes-Europa te voorkom. (Bron 1B)
- Die USSR het die beleid van inperking gesien as ’n strategie van die VSA om wêrelddominansie en leierskap te verkry. (Bron 1B)
- Die VSA se buitelandse beleid weerspieël imperialistiese neigings. (Bron 1B)
- President Truman het die Wet op Ekonomiese Samewerking onderteken, wat spanning verder aangevuur het. (Bron 1C)
- Die VSA het die aggressiewe optrede van die USSR teenwerk met die Marshall-plan. (Bron 1C)
- Kennan het die Amerikaanse Kongres beïnvloed om Wes-Europa van die euwels van kommunisme te red. (Bron 1D)
- Teenstrydige ideologieë het gelei tot ’n verdeling tussen Wes- en Oos-Europa. (Bron 1D)
- Die VSA het demokrasie en kapitalisme bevorder, terwyl die USSR kommunisme ondersteun het. (Eie kennis)
- Die ideologiese verdeeldheid in Europa het gelei tot twee teenoorstaande blokke – Wes-Europa onder leiding van die VSA en Oos-Europa onder beheer van die USSR. (Eie kennis)
- Ekonomiese en politieke mededinging het bygedra tot spanning in Europa. (Eie kennis)
- Die VSA het NAVO gelei (Westerse blok), terwyl die USSR die Warskou-verdrag tot stand gebring het (Oosblok), wat ’n duidelike verdeling van Europa geskep het. (Eie kennis)
- Die stryd om beheer het gelei tot diep wantroue, met beide kante wat mekaar van ekspansionisme beskuldig het, wat die spanning van die Koue Oorlog in Europa laat toeneem het. (Bron 1D)
- Die USSR het sy bondgenote beveel om die Marshall-plan te verwerp. (Eie kennis)
- Die USSR verskaf hul eie hulp, bv. Cominform en Comicon aan hul satelietstate. (Eie kennis)

(Enige ander relevante antwoord)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv.**, toon min of geen begrip om te verduidelik hoe die stryd om beheer en invloed tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie vanaf 1947 tot die Koue Oorlog-spanning in Europa bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip van hoe die stryd om beheer en invloed tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie vanaf 1947 tot die Koue Oorlog-spanning in Europa bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die stryd om beheer en invloed tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie vanaf 1947 tot Koue Oorlog-spanning in Europa bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 6 – 8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 2: WAAROM WAS DIE UITSLAG VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BETEKENISVOL IN DIE BEÏNVLOEDING VAN DIE POLITIEKE LANDSKAP VAN DIE SUIDELIKE AFRIKA-STREEK VANAF 1987 TOT 1990?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Harris
- Oelsig
- Kolonel Piet Muller (3 x 1) (3)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- "… as dat die afsny van die Menongue tot Cuito Cuanavale voorsieningspad die beste en mees logiese manier was om die offensief te stuit" (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- In Angola het die Sowjetunie en Kuba die MPLA ondersteun, wat met kommunistiese ideale geassosieer is, en deur Suid-Afrika en sy bondgenoot UNITA te help, het die CIA 'n beleid van inperking gevolg om die verspreiding van kommunisme te keer/ beide die VSA en Suid-Afrika was kapitalistiese bondgenote en wou kommunisme voorkom
- Sowel die CIA as die Suid-Afrikaanse regering was gekant teen die groeiende Kubaanse militêre teenwoordigheid in Angola.
- Dit as 'n bedreiging vir die VSA se verhouding met Suid-Afrika beskou is.
  Die VSA het aanvanklik die Suid-Afrikaanse regering aangemoedig om UNITA te ondersteun, daarom het die CIA die Suid-Afrikaanse regering bygestaan

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- "Die Suid-Afrikaanse kabinet het dus eerder die bevelvoerders se sekondêre plan goedgekeur: 'n aanval in die area oos van die Cuito-rivier om te verhoed dat FAPLA UNITA se strategiese vesting by Mavinga inneem."

(enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*

- Die vrees vir verdere sanksies en embargo's teen Suid-Afrika, veral oor die ontplooiing van troepe in Angola.
- Die internasionale persepsie van Suid-Afrika tydens die konflik was negatief as gevolg van sy apartheidsbeleide.
- Baie lande het hierdie inval gesien as 'n poging van Suid-Afrika om sy invloed in Angola uit te brei en om 'n marionetteregering te vestig wat gunstig teenoor die Suid-Afrikaanse regering sou wees.
- Hierdie inval in Angola het die risiko ingehou dat Suid-Afrika verdere kritiek en diplomatieke isolasie vanaf die internasionale gemeenskap sou ervaar.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Namibië
- Lubango
- Menongue,
- Cuito Cuanavale (enige 3 x 1) (3)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'Castro het nie 'n bloedige konfrontasie, wat baie lewens aan beide kante sou eis, gesoek nie' (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2B – V2]*

- Verwys na die verwydering van buitelandse beheer of invloed, veral die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), uit gebiede wat hulle voorheen in Angola beset het.
- Die herstel van beheer oor Angolese grondgebied aan Angolese magte en hul bondgenote (Kubaanse magte, FAPLA en SWAPO) oor streke soos die Cunene- en Mocamedes-provinsies tydens die Angolese burgeroorlog.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Die Kubane het taktiese meerderwaardigheid op die slagveld getoon, deur die SAW doeltreffend teen te werk en uit te maneuvreer; tydens onderhandelinge het hulle buigsaamheid getoon en gewerk aan 'n oplossing wat met hul politieke doelwitte ooreengestem het.
- Hierdie benadering het hul aanpasbaarheid en strategiese ingesteldheid uitgelig, terwyl die Suid-Afrikaners grotendeels op militêre oplossings staatgemaak het.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2.5 *[Bepaal betroubaarheid van Bron 2B – V3]*

**BETROUBAAR**

- Dit is 'n ooggetuieverslag, aangesien die artikel geskryf is deur Ronnie Kasrils, wat Cuba gedurende 1989 besoek het.
- Die artikel gee Chester Crocker se perspektief, wat geloofwaardigheid aan die bron gee, aangesien hy direk by die onderhandelinge betrokke was.
- Die bron verskaf inligting oor beide die militêre en diplomatieke aspekte van die konflik/gebalanseerde oogpunt
- Dit is 'n artikel uit An Independent Socialist Magazine, 'n gerespekteerde tydskrif met betroubare en akkurate inligting.Dit stem ooreen met Bron 2A rakende die Slag van Cuito Cuanavale

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- "Die Slag van Cuito Cuanavale gedurende 1987 en 1988 was een van die laaste en mees betekenisvolle veldslae van die Koue Oorlog."

(1 x 2) (2)

2.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

(a) Angola

- Dit het die voortbestaan van die MPLA-regering verseker.
- Dit het gelei tot die ontruiming van Suid-Afrikaanse en ander buitelandse militêre magte uit die land.
- Dit het Angola in staat gestel om sy soewereiniteit te behou en het die grondslag gelê vir vredesonderhandelinge met ander politieke groepe in Angola.
- Dit het die eksterne inmenging in Angola se burgeroorlog verminder.

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

(b) Suid-Afrika

- Die uitkoms by Cuito Cuanavale het die perke van Suid-Afrika se militêre mag aangedui en die onvolhoubaarheid van sy betrokkenheid by streekkonflikte beklemtoon.
- Die apartheidsregering het besef dat voortgesette militêre betrokkenheid in Angola en Namibië nie volhoubaar was nie, wat gelei het tot die onttrekking van sy troepe/ SA verloor koloniale beheer oor Namibië
- Die Suid-Afrikaanse regering het begin onderhandel met die ANC en ander partye, wat uiteindelik tot die beëindiging van apartheid sou lei.

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretatasie van bewyse uit 2C – L2*]

- Kuba se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog wys sy toewyding om bevrydingsbewegings en anti-imperialistiese stryd te ondersteun.
- Kuba het noodsaaklike militêre ondersteuning aan die MPLA-regering gebied, wat sy betroubaarheid as bondgenoot bewys het.
- Sy optrede het gehelp om vrede in die streek te verseker en het bygedra tot die doelwitte van bevrydingsbewegings in Suider-Afrika.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 *[Definisie van 'n historiese term uit Bron 2D – L1]*

- Verenig as 'n groep wat gebaseer is op 'n gemeenskap van belange, doelwitte of standaarde.
- Wanneer 'n land of groep ondersteuning aan mekaar toon, veral in politieke aangeleenthede wat eenheid aanmoedig.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Die pamflet weerspieël Namibiese onafhanklikheid, wat beïnvloed is deur die strategiese nederlaag van die Suid-Afrikaanse magte tydens die Slag van Cuito Cuanavale in Angola.
- Die uitkoms van die geveg het die vermoë van bevrydingsbewegings soos SWAPO getoon om die aanslag van die Suid-Afrikaanse regering te weerstaan.
- Die pamflet toon dat Suid-Afrika se beheer oor die streek verswak het en het bygedra tot die aanvaarding van die VN-gemagtigde onafhanklikheidsverkiesings in Namibië deur die Suid-Afrikaanse regering.

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C stel SWAPO voor as die sentrale bevrydingsbeweging wat Namibië se stryd vir onafhanklikheid en teen Suid-Afrika se apartheidsregering gelei het, en Bron 2D wys hoe SWAPO se doelwitte bereik is deur militêre en politieke strategieë toe Namibië onafhanklikheid verkry het.
- Bron 2C verduidelik hoe die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale SWAPO gehelp het om Namibië se onafhanklikheid te verkry, en Bron 2D doen 'n beroep op internasionale eenheid en steun om Suid-Afrika se inmenging in Namibië te beëindig sodat vreedsame verkiesings kon plaasvind.
- Bron 2C dui op SWAPO se doelwit om volle vryheid en selfbeskikking vir Namibië te verkry, en vra vir hulp van ander lande om dié doel te bereik, en Bron 2D toon dat SWAPO hierdie politieke doelwitte suksesvol bereik het.
- Albei bronne toon SWAPO se doeltreffende politieke strategie en internasionale samewerking om bevryding vir Namibië te bereik. (4)

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 2 x 2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die Suid-Afrikaanse regering het deur intelligensie-operasies kennis van FAPLA/Kubaanse opbou by Cuito Cuanavale geneem. (Bron 2A)
- Hulle het besluit om Angola binne te val om UNITA te ondersteun. (Bron 2A)
- Hierdie inval was om te verhoed dat FAPLA beheer oor UNITA se hoofkwartier te Mavinga verkry. (Bron 2A)
- Die slag was ’n keerpunt in die streek se bevrydingstryd. (Eie kennis)
- Kuba se betrokkenheid het die uitkoms van die geveg en die burgeroorlog in Angola verander. (Bron 2B)
- Kuba het militêre hulp aan die MPLA/FAPLA verskaf en troepe gestuur om die FAPLA-mag te ondersteun. (Bron 2B)
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die beperkings van Suid-Afrika se militêre oorheersing blootgelê. (Bron 2B)
- Die geveg het die Suid-Afrikaanse regering gedwing om die onvolhoubaarheid van voortgesette militêre betrokkenheid in Angola en Namibië te erken. (Bron 2B)
- Die geveg het bevrydingsbewegings soos die ANC en SWAPO versterk, en het moreel en steun vir anti-apartheidpogings verhoog. (Bron 2C)
- Dit het gelei tot vredesonderhandelinge tussen die VSA, Angola, Kuba, SWAPO en Suid-Afrika onder leiding van die Verenigde Nasies. (Bron 2C)
- Die resolusie van die Verenigde Nasies het uiteindelik gelei tot die onttrekking van Suid-Afrikaanse magte uit Angola. (Bron 2C)
- Hierdie onttrekking van buitelandse magte uit Angola het gelei tot vredesonderhandelinge tussen MPLA, FAPLA en UNITA. (Bron 2C)
- Suid-Afrika het die VN-resolusie aanvaar, en hierdie aanvaarding het die weg gebaan vir Namibië se onafhanklikheid in 1990. (Bronne 2C en 2D)
- Internasionaal het Kuba se ingryping sy solidariteit met Afrikabevrydingsbewegings ten toon gestel. (Eie kennis)
- In Suid-Afrika, as gevolg van verhoogde interne weerstand en internasionale sanksies, het die regering begin onderhandel met die ANC en ander politieke groepe. (Bron 2C)
- Die slag het bygedra tot die afname in Koue Oorlog-spanning in die streek, en het vrede en stabiliteit bevorder. (Bron 2C)
- In Suid-Afrika het die regering, onder druk van interne protes en internasionale druk, met die ANC en ander politieke rolspelers begin onderhandel. (Bron 2C)
- Hierdie onderhandelinge het gelei tot die afskaffing van apartheid en die vestiging van ’n demokratiese regering in Suid-Afrika. (Eie kennis)

(Enige ander relevante antwoord)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv., **toon min of geen begrip om te verduidelik waarom die uitslag van die Slag van Cuito Cuanavale betekenisvol in die beïnvloeding van die politieke landskap van die Suid-Afrikaanse streek vanaf 1987 tot 1990 was.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van waarom die uitslag van die Slag van Cuito Cuanavale betekenisvol in die beïnvloeding van die politieke landskap van die Suid-Afrikaanse streek vanaf 1987 tot 1990 was.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf | **PUNTE: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van waarom die uitslag van die Slag van Cuito Cuanavale betekenisvol was in die beïnvloeding van die politieke landskap van die Suid-Afrikaanse streek vanaf 1987 tot 1990 was.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 6 – 8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE KINDERKRUISTOG VAN BIRMINGHAM IN 1963 OPENBARE AANDAG OP DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEVESTIG?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 [*Onttrekking van inligting uit Bron 3A – L1]*
- "streng afgedwonge segregasie van swart en wit mense in openbare ruimtes". (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3A – L1]*
- optogte,
- sitstakings by toonbanke,
- "knielsessies" in wit kerke,
- aandbyeenkomste,
- boikotte van sakeondernemings (Enige 4 x 1) (4)

3.1.3 *[Verduidelik 'n term uit Bron 3A – V1]*
- Passiewe verset – aksie om die regering teen te staan sonder om geweld te gebruik.
- Die gebruik van nie-gewelddadige metodes om sosiale en politieke verandering te bewerkstellig.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*
- Die swart predikante het enige gewelddadige taktieke veroordeel.
- Slegs 10% het dit ondersteun, want die res het geweld van Bull Conner en wit heerssugtiges verwag.
- Die predikante het nie geglo (leef dit wat jy preek) dat die veldtog in Birmingham suksesvol kon wees nie, en daarom het hulle dit veroordeel.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*
- Duisende kinders is gearresteer, wat nasionale verontwaardiging onder beide swart en wit Amerikaners veroorsaak het.
- Die polisie is beveel om honde en brandslange op kinders te gebruik. Hierdie gebruik van geweld is deur die media ontbloot.
- Skokkende beelde van kinders wat aangeval en gearresteer is, het regoor die land en wêreld versprei, wat steun vir die Burgerregtebeweging en kritiek teen die federale regering ontlok het.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- James Bevel (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- Vanweë die dreigemente van geweld deur wit groepe.
- Polisiebeamptes onder leiding van Eugene "Bull" Connor, die Kommissaris van Openbare Veiligheid in Birmingham, wat berug was vir sy rassistiese beleide.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- "Ons is gesê dat as jy besluit om deel te neem, dit 'n nie-gewelddadige beweging is, so jy mag nie terugveg nie. (1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – L2]*

- Die Kinderkruistog het 'n keerpunt in die Burgerregtebeweging geword, aangesien dit tot wetgewende verandering gelei het.
- Die kinders van Birmingham het publisiteit vir die Burgerregtebeweging in 1963 verkry, wat tot meer steun vir die beweging gelei het.
- Die Kinderkruistog het nasionale aandag gevestig op rasseskeiding en polisiegeweld in Birmingham, en het rassisme ontbloot.
- Die Kinderkruistog het gelei tot die afskaffing van rasseskeiding in Birmingham se openbare ruimtes, wat die doelwit van die Burgerregtebeweging was.
- Die moed van die kinders het hul ouers geïnspireer om ook teen rasseskeiding te veg, aangesien kinders simpatie vir die saak gewek het.
- Die Kinderkruistog het die aandag van die federale regering en president Kennedy getrek/federale ingryping wat gelei het tot die aanvaarding van die Burgerregtewet.
- Enige ander relevant antwoord (1 x 2) (2)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – L2*
- Die polisie het alle polisielede en brandbestryders wat van diens af was, opgeroep om genoeg mannekrag te hê om die optog te beheer.
- Die artikel toon die rassistiese houding van die Birmingham-polisie teenoor swart betogers, soos gesien in die verwysing na "Brace – prepare for another busy afternoon in Birmingham."/"Maak reg vir nóg 'n besige middag "
- Die artikel beklemtoon die polisiewreedheid teenoor die swart betogers, veral in die verwysing na die gebruik van knuppels.

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 [*Bepaal beperkings van Bron 3C –V3]*
**Die bron is BEPERK omdat:**
- Die bron eensydig en bevooroordeeld is – dit fokus slegs op die perspektief van die polisie en sê niks positiefs oor die betogers nie.
- Die bron beeld die Kinderkruistog in 'n negatiewe lig uit – byvoorbeeld deur uitsprake soos: *"MAAK GEREED IN BIRMINGHAM"* of *"swart mense ... in groot getalle na die middestad van Birmingham gestroom"*.
- Die bron is 'n vorm van propaganda teen die Kinderkruistog aangesien dit die optog as 'n bedreiging vir wit oorheersing wil uitbeeld.

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyk Bron 3A en Bron 3C – V3]*
- Bron 3A noem dat "jeug in hul duisende begin mars het", wat ondersteun word deur Bron 3C wat aandui dat dit 'n massademonstrasie was.
- Bron 3A noem dat die tronke oorvol was, terwyl Bron 3C ook aandui dat die "tronke reeds propvol" was.
- Bron 3A verwys na skokkende beelde van jongmense wat aangeval is, en dit word bevestig in Bron 3C met die verwysing na "beweeg in met knuppels".
- Albei bronne beklemtoon polisiewreedheid teenoor die Kinderkruistog.

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D –L2]*
**Geregverdig:**
- King het 'n duidelike boodskap aan die owerhede en die voorstanders van segregasie gestuur dat die burgerregtebeweging nie sou ophou nie/ tot verdere optogte sou lei/ Na die kinderkruistog was daar ander proteste.
- King het bedoel dat die stryd vir geregtigheid en gelykheid sou voortgaan, ten spyte van die gewelddadige reaksie.
- King het bedoel dat hulle sou volhard totdat werklike verandering plaasvind.

**Nie geregverdig nie:**
- Die staat kon meer troepe/polisie ontplooi het om die weerstand te onderdruk/meer burgerregte-weerstand te voorkom. (2)

- Kan tot meer bloedvergieting lei.
- Die Burgerregtebeweging het steun verloor omdat Martin Luther King Jr. homself eerste gestel het en ouers hul oortuiging verloor het weens die verlies van kinders.
- Dit was nie gewaarborg dat ouers kinders sou toelaat om aan die volgende optog deel te neem nie.

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 1 x 2)

3.5.2 *[Verduidelik 'n term uit Bron 3D – L2]*

- 'n Reeks nie-gewelddadige betogings/veldtogte wat deur swart skoolkinders gelei is teen segregasie in Birmingham, Alabama, VSA in 1963, met die doel om verandering teweeg te bring.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – L2]*

- Foto's en televisiebeelde van kinders wat aangeval is, het die federale regering in die verleentheid gebring, aangesien hulle gebrek aan optrede om die dade van die owerhede in Birmingham te veroordeel, gekritiseer is.
- Beelde van polisiewreedheid in Birmingham is regoor die land en wêreld gesien, wat die rassisme in Birmingham ontbloot het.
- President Kennedy was bevrees dat dit tot meer konflik tussen swart Amerikaners en wit heerssugtiges kon lei.
- Die regering het die Burgerregtewet van 1964 aanvaar om die regte van Afro-Amerikaners te akkommodeer.

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- "die kinders het hulle verontagsaam"
- "geen vrees getoon nie, en hul eie verandering gebring". (2 x 1) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die Birmingham-veldtog het geëis dat segregasie beëindig word en gelyke werksgeleenthede vir swart mense geskep word. (Bron 3A)
- Die veldtog het aanvanklik stadig op dreef gekom. (Bron 3A)
- Die polisie was aanvanklik terughoudend, en die veldtog het min media-aandag gegenereer. (Bron 3A)
- Dit het verander toe duisende jong mense begin het met optogte. (Bron 3A)
- Meer as 3 400 jongmense is gearresteer. (Bron 3A)
- Polisiehoof Bull Connor het die polisie beveel om die kinders aan te val. (Bron 3A)
- Skokkende beelde van kinders wat aangeval is, het regoor die wêreld versprei. (Bron 3A)
- Die mag het na die Kinderkruistog geskuif. (Bron 3A)
- Meer as 1 000 studente het skool gebank om aan die protes deel te neem. (Bron 3B)
- Meer as 2 000 is glo gearresteer. (Bron 3B)

- Die Kinderkruistog het as ’n katalisator vir verandering gedien. (Bron 3B)
- Die media het die veldtog regoor die land en wêreld uitgelig. (Bron 3D)
- Beelde in koerante het die federale regering in die verleentheid gestel. (Bron 3D)
- Daarom was die Birmingham-veldtog, veral die Kinderkruistog, hoe die Wet op Burgerregte van 1964 gewen is. (Bron 3D)
- Die Kinderkruistog het president Kennedy gedwing om na groter burgerregte vir swart Amerikaners toe te beweeg. (Bron 3D)
- Die beelde van geweld het die beweging hervorm. (Eie kennis)

- Die Kinderkruistog het met behulp van die media nasionale aandag op die rassekwessies in die gesegregeerde Suide gevestig. (Eie kennis)
- Segregasie en rassegeweld het ’n nasionale probleem geword. (Eie kennis)

Enige relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die kinderkruistog van Birmingham in 1963 openbare aandag op die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika gevestig het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe die kinderkruistog van Birmingham in 1963 openbare aandag op die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika gevestig het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die kinderkruistog van Birmingham in 1963 openbare aandag op die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika gevestig het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae vanuit hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

## VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling dat die Verenigde State van Amerika in staat was om die Vietkong in die Viëtnam-oorlog van 1963 tot 1975 te verslaan. Kandidate moet hul standpunt met relevante historiese bewyse steun.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet ’n standpunt inneem en aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling.
Hulle moet ook aandui hoe hulle beoog om hulle argumente te motiveer.

### UITBREIDING

Fokus op die strategieë en taktieke wat deur beide die VSA en die Vietkong gebruik is.

- o Redes vir die VSA se betrokkenheid: beleid van inperking (stuiting) en die Domino-teorie. (agtergrond)
- Die VSA se eerste ingryping in Suid-Viëtnam – hulle het wapens en militêre raadgewers gestuur teen die Vietkong (Viëtnamese kommuniste).
- Die Ho Chi Minh-roete en die betekenis daarvan – gebruik deur die Vietminh (kommunistiese guerrillas van Noord-Viëtnam) om die Vietkong te ondersteun.
- Die VSA het die ‘veilige dorpie’-beleid / Hamlet-strategie / Villagisation ingestel – ’n poging om guerrillas van plaaslike inwoners te isoleer. (1963)
- Die “veilige dorpie”-beleid het misluk, omdat die Vietkong binne die dorpe opgetree het.
- Die Golf van Tonkin-resolusie (1964) het president Johnson wye militêre magte gegee, wat gelei het tot die toename/eskalasie van oorlogvoering in Viëtnam.
- Die VSA het in 1965 mariniers en grondtroepe na Viëtnam gestuur.

- Operasie Ranch Hand (1962 – 1971) – gebruik van chemiese ontblaringsmiddels soos Agent Orange (om woude te vernietig) en Agent Blue (om landbouprodukte en voedsel te vernietig) om die Vietkong te verswak.
- President Johnson het in Maart 1965 Operasie Rolling Thunder bekendgestel om die Vietkong vinnig uit te skakel.
- Die gebruik van chemiese wapens, bv. Napalmgas, het die VSA ongewild gemaak, en baie lande het die VSA veroordeel.
- Guerrilla-oorlogvoering deur die Vietminh en Vietkong het dit moeilik gemaak om guerrillas van boere/kleinboere te onderskei.
- Noord-Viëtnam het militêre steun van die USSR en China ontvang, wat beteken het dat die Vietminh en Vietkong toegang tot moderne wapens gehad het.
- Guerrilla-oorlogvoering is doeltreffend deur die Vietkong gebruik, met die ondersteuning van die Vietminh in die Noorde. Hulle het taktieke gebruik soos lokvalle, ondergrondse tonnels, tref-en-trap-aanvalle en sabotasie.
- Die Vietkong het hul steunbasis vergroot vanweë hul doeltreffende taktiek teen Amerikaanse soldate.
- Die Viëtnamese volk was verenig in die verdediging van hul land.
- Die Vietkong het gereageer met die TET-offensief (1968) – verrassingaanvalle op 100 stede.
- Die getal Amerikaanse soldate wat gesterf het, het toegeneem, wat gelei het tot teenoorlog-betogings.
- Die VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur.
- Die VSA het "soek-en-vernietig"-missies gebruik (bv. die My Lai-massamoord) om dorpe te vernietig wat die Vietkong ondersteun het – dit het tot groot burgerlike sterftes gelei.
- Amerikaanse gruweldade en die My Lai-massamoord (Maart 1968) het die publiek se mening teen die oorlog laat draai.
- Vietnamisering: President Nixon se beleid van Vietnamisering, insluitend WHAM (Winning the Hearts and Minds), was 'n poging van die VSA om uit die oorlog te onttrek en 'n poging om aansien te behou
- Die rol van die media, studente en ontwapeningsbewegings het druk op die Amerikaanse regering geplaas om uit Viëtnam te onttrek.
- Die VSA het teen 1973 al hul troepe onttrek (President Nixon het op 27 Januarie 1973 die Paryse Vredesooreenkoms onderteken, wat die VSA se betrokkenheid by die Viëtnamoorlog beëindig het).
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer van Saigon oorgeneem.
- Viëtnam is onder kommunistiese beheer verenig.

(Enige ander relevante antwoord)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

[*Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.*]

**SINOPSIS**
Kandidate moet krities bespreek hoe Mobutu Sese Seko probeer het om die Kongo se afhanklikheid van Westerse moondhede te verminder deur sy politieke en ekonomiese beleide.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**Inleiding**: Kandidate moet krities bespreek of Mobutu Sese Seko daarin geslaag het of misluk het om die Kongo se afhanklikheid van Westerse moondhede te verminder deur middel van sy politieke en ekonomiese beleide. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**Politiese Beleide**
- ➢ Paternalisme – die Kongolese is soos kinders behandel, sonder enige verantwoordelikheid in die administrasie of verteenwoordiging van die regering.
- ➢ Politieke partye is verban, en met België se vinnige onttrekking ná die Leopoldville-onluste van 1959, is daar baie politieke partye gevorm wat verskillende streke en etniese groepe verteenwoordig het; hierdie partye is georganiseer volgens streek- en etniese groeperings.
- ➢ 120 politieke partye het aan die verkiesing van 1960 deelgeneem; geen enkele party het ’n volstrekte meerderheid behaal nie – Patrice Lumumba se Movement National Congolais (MNC) het die meeste setels gewen, aangesien dit, in teenstelling met ander streekgebaseerde partye, ’n mate van nasionale steun geniet het.
- ➢ Gebrek aan politieke eenheid.

- Die Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklik geword, met Kasavubu as president en Lumumba as eerste minister.
- Kasavubu het ’n federale staat verkies, terwyl Lumumba ’n sterk, gesentraliseerde nasionale regering voorgestaan het/Lumumba was ook in konflik met Moise Tshombe.
- Die Kongo het met groot politieke onstabiliteit begin, met Tshombe wat gefokus het op die afskeiding van Katanga vir sy eie onafhanklikheid.
- Mobutu het in 1965 deur ’n staatsgreep beheer oorgeneem van Kasavubu.
- Hy het daarin geslaag om ’n vorm van politieke stabiliteit te vestig, hoewel dit gegrond was op outoritarisme.
- In 1967 het Mobutu die Katanga-rebellie beëindig en sy land ’n nuwe grondwet gegee as ’n eenparty-staat onder sy party, die Volksbeweging vir die Rewolusie (MPR).

- Die Kongo het binne die eerste vyf jaar 'n eenpartystaat geword nadat dit onafhanklikheid verkry het met alle opposisie onderdruk.
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus/ideologie van Mobutuisme ontwikkel.
- Mobutu het die Kongo 'n outokratiese staat gemaak onder hom as militêre diktator.

- Mobutu is deur die VSA ondersteun omdat hy as 'n anti-kommunistiese bondgenoot gesien is.
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van staatsinkomste beheer.
- Hy het 'n beleid van Zaireanisering ingestel, 'n beleid wat geskoolde buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee vervang het met die ongeskoolde plaaslike inwoners – wat gelei het tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leiersrolle.
- Hy het nepotisme en kleptokrasie toegelaat.
- Mobutu het as 'lewenslange president' gebly tot sy dood in 1997.

(Enige ander relevante antwoord)

**Ekonomiese beleide**

- By onafhanklikheid is die Kongo as die mees welvarend beskou, maar met die ekonomiese rykdom wat deur buitelandse eienaars besit is.
- Het 'n kapitalistiese ekonomie van België/enkelproduk-ekonomie geërf.
- Aanvanklik is die ekonomie in die hande van wit setlaars en buitelanders gelaat/groot kloof tussen opkomende middelklas en die landelike klas.
- Die land se ryk natuurlike hulpbronne van koper, kobalt, diamante en ander materiale het buitelandse beleggings gelok.
- Nasionalisering: Mobutu het die land se kopermynbedryf genasionaliseer en winste uit die koperbedryf gebruik om sy 10-jaar industrialiseringsplan te finansier.
- Genasionaliseerde maatskappye in buitelandse besit sonder vergoeding.
- Buitelandse maatskappye is onder die beheer van sy bondgenote en familielede geplaas.
- Zaireanisering ingestel (vervang buitelanders met Zaïrese burgers).
- Zaireanisering het tot korrupsie, diefstal en wanbestuur gelei.
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme (het 'n groot gaping geskep tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm).
- Die swak ekonomiese beleid het gelei tot die afname in die toestand van infrastruktuur soos paaie ens.
- Mobutu het 'n kleptokrasie geskep waar 'n groep aangestelde staatsamptenare hul posisie vir finansiële gewin misbruik het.
- Mobutu is gedwing om retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) in te stel.
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer.
- Die Kongo se ekonomie het weens hoë inflasie in duie gestort.
- Die Kongo het van buitelandse hulp en belegging afhanklik geraak, bv. van die Wêreldbank.

(Enige ander relevante antwoord)

Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saambind. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging na vore getree het as 'n radikale vorm van protes onder swart Amerikaners. Kandidate moet die verskillende politieke, sosio-ekonomiese en kulturele faktore identifiseer en verduidelik wat die ontstaan van hierdie nuwe vorm van protes gestimuleer het. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging na 1965 as 'n radikale vorm van protes onder swart Amerikaners na vore getree het. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul standpunt sou ondersteun.

**UITBREIDING**
**Agtergrond**
- o Die Swartmagbeweging het die sosio-ekonomiese gelykheid tussen swart en wit Amerikaners uitgedaag.
- o Voortdurende armoede, werkloosheid, diskriminasie en swak lewensomstandighede van Afro-Amerikaners in die Noorde.
- o Die aanvaarding van die Wet op Burgerregte (1964) en die Wet op Stemregte (1965) was oorwinnings vir Burgerregtebeweging, maar die meerderheid swart mense was armer met minder geleenthede as hul wit eweknieë.
- o Ontnugtering met geweldloosheid en stadige pas van verandering.
- o Swart gemeenskap se frustrasie met voortdurende polisie-teistering.
- o Veral jeugdiges was gefrustreerd met die voortdurende geweld, intimidasie en arbitrêre arrestasies.
- o Baie jong swart aktiviste het die onluste/opstande in stede gesien as geregverdigde weerstand teen onderdrukking en 'n teken dat geweldloosheid ondoeltreffend was.

**Swartmagfilosofie**
- Ideologie wat rassetrots, selfstandigheid, bereiking van swart ekonomiese en politieke vryheid voorgestaan het.
- Afro-Amerikaners aangespoor om hulself teen polisiebrutaliteit te beskerm.
- Selfverdediging en terugveg indien nodig was 'n belangrike aspek van die Swart Mag
- Het gevoel dat BRB-aktiviste uitgebuit is weens hul geweldloosheid.
- Afro-Amerikaners aangemoedig om vryheid van wit heerssugtiges te soek.
- Geïnspireerde selfrespek en swart trots.
- Verwerping van rasse-integrasie en assimilasie.
- Bewussynsverhoging deur die 1960's (van 'neger' na 'swart' tot 'Afro-American' spoor eise aan vir meer as politieke regte en assimilasie.
- Swart trots en slagspreuke soos 'Black is Beautiful' aangemoedig.
- Kulturele trots en identiteit van die Afrika-erfenis, haarstyle, kleredrag aanvaar.

**Malcolm X**
- Hy het 'n sleutelrol in die inspirasie vir die Swartmagbeweging gespeel.
- Hy het in swart separatisme geglo in plaas van integrasie.
- Afro-Amerikaners aangemoedig om hul regte te verseker op 'enige nodige wyse'.
- Bepleit selfverdediging teen wit onderdrukking, 'bloedvergieting was nodig vir revolusie'.
- Het swart selfgenoegsaamheid en rassetrots voorgestaan.
- Hy is in 1965 vermoor wat jong aktiviste verder geradikaliseer het.
- Hulle het sy oproep vir swart bemagtiging aanvaar en integrasie verwerp.

**Stokely Carmichael**
- Hy was 'n Vryheidsryer en die voorsitter van SNCC.
- SNCC, eens opgedra aan geweldloosheid, het onder leiding van Stokely Carmichael geradikaliseer.
- In 1966 het Carmichael die term 'Swart Mag' gewild gemaak wat vir rassetrots, politieke beheer en ekonomiese onafhanklikheid gepleit het.
- Bepleit dat Afro-Amerikaners hulself moet verdedig teen rasse-onderdrukking en manipulasie.
- Hy was teen die nie-gewelddadige strategie van die BRB.
- Hy het in swart separatisme geglo in plaas van rasse-integrasie.
- .
- Hy het by die Black Panther Party aangesluit wat die Swart Mag-idees in werking gestel het.
- Hy is 27 keer in hegtenis geneem op nie-gewelddadige Burgerregte-demonstrasies.
- Hy het hom sterk uitgespreek die VSA se deelname aan die Viëtnam-oorlog

**Die Black Panther Party (BPP)**
- Die BPP vir selfverdediging is gevorm deur Huey Newton en Bobby Searle in 1966.
- Die BPP het die strate gepatrolleer om aktiwiteite te monitor (polisiëring van die polisie) en hulself teen polisiebrutaliteit verdedig.
- Die BPP het openlik wapens vir selfverdediging gedra.
- Hulle het gemeenskapsprogramme gevestig, soos gratis ontbyt vir kinders en gesondheidsklinieke.
- Die Black Panther se radikale houding en bereidwilligheid om die staat te konfronteer het hulle 'n sentrale krag in die Black Power Movement gemaak.
- Die FBI se COINTELPRO-program het swartmagleiers geteiken.

- Lang- en Korttermynsuksesse.

(Enige ander relevante antwoord)

Gevolgtrekking: Kandidate moet hul standpunt herbevestig en hul argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking. **[50]**

**TOTAAL: 150**